


Mev Angie Motshekga,
Minister van Basiese Onderwys



Mnr Enver Surty,
Adjunkminister van Basiese Onderwys

*Hierdie Werkboek vir Afrikaans Eerste Addisionele Taal (EAT) is die jongste toevoeging aan die Departement van Basiese Onderwys se reeks Reënboog-Werkboeke. Die EAT-boeke is 'n belangrike verryking van die reeks en steun die Departement se beleid ten opsigte van additiewe tweetaligheid.*

*Kinders begin hul addisionele taal, Afrikaans, in Graad 4 as hul taal van onderrig en leer (TvOL) gebruik. Die oorskakeling van leer in hul huistaal na leer in 'n tweede taal beteken dat kinders teen die einde van Graad 3 'n hoë vlak van bevoegdheid in Afrikaans moet bereik ten einde Afrikaans in Graad 4 goed te kan lees en skryf. Die Reënboog-Werkboeke, wat vir Graad 1 tot Graad 6 in die 11 amptelike tale verskyn het, help leerders om 'n sterk geletterdheidsgrondslag neer te lê waarop hulle kan voortbou wanneer hulle 'n addisionele taal aanleer.*

*Die nuwe EAT-Werkboeke begin in Graad 1 met die lê van 'n stewige mondelinge grondslag, om leerders in staat te stel om Afrikaans in Graad 1 en 3 en later te lees en te skryf.*

*Die skoolkurrikulum stel egter spesifieke taaleise, en verg dat leerders 'n spesiale taalstyl vir leerdoeleindes moet gebruik, dit wil sê wanneer hulle skooltekste lees, akademiese tekste skryf, na onderwysers luister en aantekeninge maak, groepwerk doen, kaarte en grafieke gebruik, eksamen skryf, en so meer. Ons het hier probeer om die leerder se begrip en gebruik van akademiese taal (hul kognitiewe akademiese taalbevoegdheid) te ontwikkel, sodat hulle die gespesialiseerde taal sal kan gebruik wat hulle nodig sal hê wanneer hulle hul ander vakke deur middel van Afrikaans leer.*

*Ons het baie metodes en tegnieke ingebou om leerders te help om die vaardighede aan te leer wat hulle in die grondslag en intermediêre fase nodig sal kry. Ons hoop dat onderwysers dit as 'n vertrekpunt vir innovering in hul onderrig van Afrikaans sal gebruik. Ons hoop ook dat die kinders dit net soveel sal geniet om hierdie Werkboeke deur te werk as wat ons dit geniet het om hulle saam te stel.*

*Ons wens u alles van die beste in die ontwikkeling van u leerders se taalvaardighede toe, met die hoop dat die leerders Afrikaans goed genoeg onder die knie sal kry om dit by die leer van hul ander vakke te gebruik.*

*Werkboeke beskikbaar in die hierdie reeks:*

- *Geletterdheid / Huistaal Graad 1-6 (In al die amptelike tale)*
- *Wiskunde Graad 1-3 (In al die amptelike tale)*
- *Wiskunde Graad 4-9 (In Engels en Afrikaans)*
- *Lewensvaardighede Graad 1-3 (In al die amptelike tale)*
- *Eerste Addisionele Taal Graad 1-3 (In Engels, Afrikaans, Sepedi en isiZulu)*
- *Eerste Addisionele Taal Graad 4-6 (In Engels en Afrikaans)*

**FIRST ADDITIONAL LANGUAGE - AFRIKAANS**
**GRADE 2 – TERM 1 - 2**

ISBN 978-1-4315-0684-2

**THIS BOOK MAY NOT BE SOLD.**

PLAKKERBOEK
Plak die plakkers op die regte plekke.



# Graad 2

# AFRIKAANS

## Eerste Addisionele Taal

Boek 1
Kwartaal 1-2



Naam:

Klas:

basic education
Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

AFRIKAANS



# AFRIKAANS

## First Additional Language

Published by the Department of Basic Education
222 Struben Street
Pretoria
South Africa

© Department of Basic Education
Second edition published in 2012

ISBN 978-1-4315-0684-2

The Department of Basic Education has made every effort to trace copyright holders but if any have been inadvertently overlooked the Department will be pleased to make the necessary arrangements at the first opportunity.




# Graad 2

# AFRIKAANS

## Eerste Addisionele Taal

Kwartaal 1 & 2




Hierdie boek behoort aan:

# BY DIE SKOOL

## 1 Terug skool toe!

Kwartaal 1 – Week 1

**Ons praat** Kyk na die prentjie en gesels oor wat die kinders doen.



## Ons doen

Plak die plakkers op die regte plekke. Trek die woord onder elke prentjie na en sê dit dan hardop.


## Woordboks

as | almal | af

gelukkig ongelukkig kwaad

## Ons praat




Hoeveel kinders is daar?
Lyk die kinders gelukkig?
Wie lyk ongelukkig?
Waarom is hy ongelukkig?
Was jy bly om terug te kom skool toe?














## Ons lees


Ons het 'n lekker vakansie gehad.
Ons is terug by die skool.
Nomsa en Anita is baie gelukkig.
Karel is ook gelukkig.
Hy het 'n nuwe skooltas.
Jabu is hartseer.
Hy het oor die mat geval.

# 2 Na die vakansie



**Rolspel** Maak 'n rolspel van wat met Jabu gebeur het. Wys hoe sy maats hom gehelp het.





**Ons skryf**

Teken 'n prentjie om te wys hoe Jabu voel.

Teken 'n prentjie om te wys hoe jy vandag voel.

Jabu voel ____________________

Ek voel ____________________



## Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke.

| | | |
|---|---|---|
| af | agter | akker |
| as | appel | alles |





## Luister en herhaal



Wat het jy gedurende die vakansie gedoen?



Ek is see toe.

Ek is dieretuin toe.

Ek is na my ouma toe.

Ek is winkel toe.

Ek is toe ________________________

________________________________



## Ons praat

Kyk na die prentjies. Hoe voel elke kind? Trek elke woord na en trek dan 'n streep van elke prentjie na die regte woord. Sê dan:



Hy voel __________.

Sy voel __________.





| |
|---|
| gelukkig |
| ongelukkig |
| bang |
| kwaad |





# Na skool






Ons praat

Ons praat
Kyk na die prentjie en gesels oor wat die kinders doen.

sit



hardloop



medalje







## Ons doen

Plak die plakkers op die regte plekke. Trek die woord onder elke prentjie na en sê dit dan hardop.

doel





sing



## Woordboks

bal

bul

been



beker

slaan





skop




## Ons praat

Wat doen die kinders?
Wat doen die hond?
Wie slaap?




speel



blaf






dans



## Ons lees

Anita speel netbal.
Jabu speel sokker.
Karel sit.
Die kat slaap.



## Ons skryf

Vul die nommer in van elke kind wat gelukkig, ongelukkig, moeg of trots voel.

| gelukkig | ongelukkig | moeg | trots |
| --- | --- | --- | --- |
| 2 | | | |

# 4 Wat ons na skool doen





Woordboks

| | | |
|---|---|---|
| bal | bul | been |
| bus | boos | blou |








Ons praat

Lees die sinne hardop.
Trek 'n streep van elke sin na die regte prentjie.

| |
|---|
| Sy sit. |
| Hy skop. |
| Hy hardloop. |
| Die baba slaap. |
| Sy speel. |
| Die hond blaf. |
| Sy dans. |
| Hy sing. |



















Ons sing



As jy bly is en jy weet dit, klap jou hande
As jy bly is en jy weet dit
en jy wil dit regtig wys,
as jy bly is en jy weet dit, klap jou hande.



As jy bly is en jy weet dit, stamp jou voete.
As jy bly is en jy weet dit, stamp jou voete.
As jy bly is en jy weet dit
en jy wil dit regtig wys,
As jy bly is en jy weet dit, stamp jou voete




As jy bly is en jy weet dit, knik jou kop.
As jy bly is en jy weet dit, knik jou kop.
As jy bly is en jy weet dit
en jy wil dit regtig wys,
As jy bly is en jy weet dit, knik jou kop.



As jy bly is en jy weet dit, draai om en om,
As jy bly is en jy weet dit, draai om en om.
As jy bly is en jy weet dit
en jy wil dit regtig wys,
As jy bly is en jy weet dit, draai om en om.

# 5 Kom ons gaan huis toe



Ons lees

Ek is op die bus.
Karel is in die taxi.
Nomsa is by die bushalte.
Jan is op 'n groen fiets.



Ons praat

Kyk na die prentjie en skryf dan antwoorde op hierdie vrae.

| | |
|---|---|
| Hoeveel motors is daar? | |
| Hoeveel fietse is daar? | |
| Hoeveel seuns is daar? | |
| Hoeveel meisies is daar? | |
| Hoeveel vliegtuie is daar? | |
| Hoeveel wiele is daar? | |

Waar is die kat?



- in
- op
- onder
- agter



## Ons doen

Plak die plakkers op die regte plekke. Trek die woord onder elke prentjie na en sê dit dan hardop.





vliegtuig

afleweringswa





motorfiets




## Woordboks

bus

beste

bus



trein




taxi

bushalte





bus





motor


bankie





## Ons skryf

Kyk na die prent en omkring ja of nee.



verkeerslig



skolierepatrollie



fiets

| | | |
|---|---|---|
| Die geel motor is voor die bus. | Ja | Nee |
| Die moterfiets is agter die motor. | Ja | Nee |
| Die pink fiets is tussen die bus en blou motor. | Ja | Nee |
| Die bus is voor die geel motor. | Ja | Nee |
| Die hond is op die bank. | Ja | Nee |
| Die hond is tussen die seun en die meisie. | Ja | Nee |
| Die kat is in die sak. | Ja | Nee |
| Die bal is onder die bank. | Ja | Nee |

# 6 Skool toe en terug

Ons doen Teken 'n prentjie van hoe jy elke dag by die skool kom en dan weer by die huis kom.

Ons praat

Teken 'n prentjie van hoe jy elke dag by die skool kom en dan weer by die huis kom.



Luister en herhaal

Ek gaan skool toe per bus.

Ek gaan skool toe per taxi.

Ek gaan skool toe per motor.

Ek gaan skool toe met 'n fiets.

Ek gaan skool toe te voet.






**Loop en praat** Vra 5 maats hoe hulle by die skool kom.
Sê:

Hoe kom jy by die skool?
Hoe kom jy by die huis?






**Ons skryf** Skryf 1 sin oor hoe jy by die skool kom.

Skryf 1 sin oor hoe jy van die skool af by die huis kom.



**Vir die pret**

Teken 'n blou motor voor die bus.



Teken 'n bus agter die vragmotor.





Teken 'n fiets tussen die bus en die motor.





Teken 'n voël bo-op die bus.




# Ons eet by die skool






Ons praat

Kyk na die prentjie en praat oor wat die kinders doen.





**Ons doen**

Plak die plakkers op die regte plekke. Trek die woord onder elke prentjie na en sê dit dan hardop.







**Woordboks**

dom

dik


dun



**Ons lees**

Elke dag eet ons by die skool middagete.
Ons hoef nie na die winkel toe te gaan nie.
Ons storm almal om te gaan eet.
Ons eet vleis, boontjies, hoender, pap, appels en piesangs.
Ons eet ons middagete.
Dan was ons ons borde.
Dan speel ons onder die boom.



**Ons skryf**

Kyk na die prentjie en omkring dan die ja of die nee.



| | | |
|---|---|---|
| Die kinders is gelukkig. | Ja (omkring) | Nee |
| Die kinders eet lekkergoed vir middagete. | Ja | Nee |
| Die kos is lekker. | Ja | Nee |
| Na middagete speel die kinders. | Ja | Nee |
| Die hond is honger. | Ja | Nee |

# 8 Die kossoorte wat ons eet






**Ons doen** Teken 'n prentjie van die kossoort wat jy graag eet.
Skryf die naam van die kossoort in die spasie.

My gunstelingkos







**Ons praat** Sê vir jou maat wat jou gunstelingkos is.



**Luister en herhaal**







**Loop en praat** Vra 5 maats watter kossoorte hulle graag eet. Sê:

Watter kossoorte eet jy graag?









**Ons skryf** Lees hierdie woorde. Skryf die woorde dan oor onder die prentjies waarby hulle pas.

vleis | vis | eiers | melk | brood | lekkergoed

tamaties | koek | aartappelskyfies


| | | | |
|---|---|---|---|
|   |  |  |  |
| | | | |

Voltooi hierdie sinne.

| |
|---|
| Ek hou van |
| Ek hou van |
| Ek hou nie van nie |
| Ek hou nie van nie |

# 9 Wie, wat, waarom en wanneer






Luister en herhaal



Wie se pen is dit?

Dit is my pen.







Wie se boek is dit?

Dit is my boek.



Wie se trui is dit?


Dit is my trui.



Loop en praat Wys na 5 dinge en vra jou maats.

Wie se __________ is dit?

Dit is my __________.



Ons skryf Skryf nou antwoorde op hierdie vrae.




| | |
|---|---|
| Wat is jou naam? | |
| Waar woon jy? | |
| Wie is jou maat? | |
| Wanneer verjaar jy? | |
| Waarom is jy bly? | Omdat |

Vir die pret

Trek die stippellyne na om te kyk aan wie die dinge behoort. Sê dan:

Woordboks


- ek
- en
- elk



# 10 Ons tuin



Ons doen Tel die hoenders en kleur hulle in.
Kleur die tamaties in.




## Ons doen

Plak die plakkers op die regte plekke. Trek die woord langs elke prentjie na en sê dit dan hardop.

## Ons praat

Hoveel kuikens is daar? Waar is die kuikens? Gebruik hierdie woorde:

voor | op | agter | langs





lees



klim



eet



spit



natlei



## Ons praat

Wie is die lede van hierdie gesin?
Wie is die ma?
Wie is die pa?
Wie is die boetie?
Wie is die sussie?
Wie is die ouma?
Wie is die oupa?
Wie is die maats?
Wat doen hulle almal?
Wat doen die hond?
Wat doen die kat?

## Ons lees

Ons is in die tuin.
Jabu en Jan is in die boom.
Die son is warm.
Pa dra 'n hoed.
Die hond staan op die stomp.
Die kat jaag die voëls.

# My eie gesin










Luister en herhaal

Ma lei die plante nat.
Pa spit.
Die hond grawe.
Ouma lees.
Oupa drink tee.
Die seuns sit in die boom.
Die kat hardloop.

Ons skryf


Op watter letter eindig elke woord?

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| hond |  | boks |  | son |  |
|  | stomp |  | haas |  | maan |



Ons skryf

Vul die woorde in wat weggelaat is.

| |
|---|
| Die  hond is op die stomp. |
| Pa het sy  ________ op. |
| Die  ________ is warm. |

## Loop en praat

Wys na die prentjies
en vra jou maat:

Wie is dit?
Wat doen hy?
Wat doen sy?



Wie is dit?

## Woordboks

gou

gaaf

gil

## Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke.

| | | |
|---|---|---|
| saag | lees | sap |
| saad | kaas | sit |



## Ons skryf

Teken jou gesin. Vul die naam van elke persoon in.

sussie | boetie | ma | pa | ouma | oupa | tannie | oom


My gesin

# 12 Ons kweek ons eie kos

## Ons praat

Wat kry 'n mens alles in 'n tuin? Sê vir jou maat watter speletjies jy in jou tuin speel.







## Ons skryf


Kleur die prentjie volgens die nommers in.

1 2 3 4 5 6 7



Vir die pret

Wat sal die kinders in hierdie tuin kry? Trek die lyne na. Sê wat elke ding is.




Ons skryf

Skryf die name van 3 dinge wat jy in jou tuin sal kry.

# 13 Ons gaan piekniek hou









**Ons praat** Kyk na die prentjie en gesels oor wat die kinders doen.


**Ons doen** Soek al die perskes in die boom.
Hoeveel is daar? Kleur hulle oranje in.
Hoeveel voëls sien jy? Kleur hulle blou in.






## Ons doen

Plak die plakkers op die regte plekke. Trek die woord onder elke prentjie na en sê dit dan hardop.


blom


kombers

## Woordboks

hou
hy
hom


mandjie


pomp


koerant


hond

## Ons praat



Wat doen oupa?
Wat doen die baba?
Wat doen die kinders?


swem

## Ons lees

Ons gaan graag elke **Sondag** piekniek hou.
Ons gaan in die somer, wanneer die **son** warm skyn.
Oupa dra 'n **sonhoed**.
Jabu **pomp** die bal op.
Pam en Danie **hardloop** en **spring**.
Hulle **geniet** dit in die dam.
Karel is **hoog** in die boom.
Die insekte **zoem**.

# 14 Wat ons graag doen



Luister en herhaal


Anita hou daarvan om 'n bal
rond te skop.
Die kinders hou daarvan om te swem.
Karel hou daarvan om
in die boom te sit.
Die baba hou daarvan om te slaap.
Dit is pret om in die son te hardloop.











Loop en praat Vra jou maat:



Kan jy swem?
Kan jy sing?
Kan jy koek bak?
Kan jy 'n prentjie teken?



Ons skryf Wat kan jy doen? Kleur die ja of die nee in.



| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Ek kan praat. | Ja | Nee | Ek kan op en af spring. | Ja | Nee |
| Ek kan lees. | Ja | Nee | Ek kan 'n prentjie teken. | Ja | Nee |
| Ek kan swem. | Ja | Nee | Ek kan 'n bal gooi. | Ja | Nee |
| Ek kan hardloop | Ja | Nee | Ek kan 'n bal vang | Ja | Nee |



## Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke.







| | | |
|---|---|---|
| sal | sop | see |
| fees | sif | sog |



## Ons skryf

Vul die letter, wat uitgelaat is, in om die woorde te voltooi. Plak dan die regte plakkers in.

| | | | |
|---|---|---|---|
| ka__ | __on | __lieër | boe__ |
|  |  |  |  |
| hoe__ | __oom | wol__ | voë__ |
|  |  |  |  |



## Ons teken

Gebruik die nommers om die prentjie in te kleur.

1 Blou
2 Oranje
3 Rooi
4 Bruin
5 Geel
6 Pink
7 Grys
8 Groen
9 Pers
10 Swart




# 15 In die park

speelgoed





**Ons praat** Kyk na die prentjie en gesels oor wat die kinders doen.



## Ons doen

Plak die plakkers op die regte plekke. Trek die woord onder elke prentjie na en sê dit dan hardop.

## Ons skryf

Kleur 8 appels rooi in.

## Woordboks

jy
jou
ja




## Ons praat

Wat doen die kinders?
Hoeveel kinders is daar in die prentjie?
Wie is op die mallemeule?



## Ons lees

Ons speel graag in die park.
Ons sit en lees onder die boom.
Ons speel sokker in die son.
Ons swem, gly en swaai.
Ons speel met speelgoed.

# 16 Ons hou daarvan om te speel



**Ons praat**

Wie is jou maat?
Hoe oud is jou maat?
Is jou maat 'n seun of 'n meisie?



**Ons doen**

Sê vir jou maat wat jy in hierdie prentjie sien. Sê:




Dit is 'n boom.
'n Boom is 'n plant.

Dit is Karel. Hy is 'n seun.

Dit is Nomsa. Sy is 'n meisie.






Ons is gelukkig.



**Ons skryf**

Gebruik die volgende woorde om hierdie sinne te voltooi.

lees | hardloop | sing | skop | swem | speel

| | | |
|---|---|---|
|  Hy ____________ |  Hy ____________ |  Hulle ____________ |
|  Hy ____________ |  Sy ____________ |  Hy ____________ |




## Ons doen

Teken 'n prentjie van wat jy en jou maat graag doen.



Ek en my maat.




## Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke.

| | | |
|---|---|---|
| gaan | gif | geen |
| gaaf | gips | geel |





## Ons skryf

Trek 'n streep van elke woord na die regte prentjie.


| | | | |
|---|---|---|---|
| hy | sy | hulle | dit |

# 17 Mense wat ons help



Ons praat Kyk na die prentjie en gesels daaroor.



Woordboks

kou

koud

kul

brandbestryder





veearts



verpleegster

dokter



## Ons doen

Trek die woorde by elke prentjie na en sê hulle dan hardop.

onderwyser





polisievrou

Teken dan 'n prentjie van wat jy eendag wil word.

## Ons praat

Watter mense sien ons in die prentjie?
Hoe help hulle ons?
Het een van hierdie mense jou al ooit gehelp?
Waarom is die seun by die dokter?

## Ons skryf

Kyk weer na die prentjie en omkring dan ja of nee.

| | | |
|---|---|---|
| Die hond is by die veearts. | Ja | Nee |
| Die seun het sy arm gesny. | Ja | Nee |
| Die motor is aan die brand. | Ja | Nee |
| Die onderwyser is 'n man. | Ja | Nee |
| Die brandbestryder is op die brandweerwa. | Ja | Nee |

# 18 Hoe hulle ons help



Ons praat

Sê vir jou maat wat in hierdie prentjies gebeur. Rolspeel dan wat met Danie gebeur het.








Werk met woorde


Lees die woorde en luister na die klanke.

| | |
|---|---|
| gaan | gif |
| geen | gaaf |
| gips | geel |

| | |
|---|---|
| lig | las |
| los | les |
| las | lol |

| | |
|---|---|
| wag | waar |
| wol | wie |
| weg | wil |






Ons skryf

Voeg leestekens by hierdie sinne. Gebruik hoofletters en hierdie leestekens.

? ! . ,



| |
|---|
| danie het uit die boom gespring |
| *Danie het uit die boom gespring.* |
| hy het sy been gesny en dokter toe gegaan |
| |
| die dokter het vir danie gehelp |
| |



## Ons skryf

Vul die letters, wat weggelaat is, in sodat die woorde by die prentjies pas.




kr gr

| | | | |
|---|---|---|---|
| ___uiwa | ___ond | ___ap | ___aaf |










| | | | |
|---|---|---|---|
| ___as | ___aan | ___oen | ___uip |



## Vir die pret

Lientjie het verdwaal.
Help die polisievrou om haar huis toe te neem.






# 19 Ons loop in die dorp rond


Ons praat Kyk na die prentjie en gesels oor die plekke wat julle kan sien.







## Ons doen

Plak die plakkers op die regte plekke. Trek die woord onder elke prentjie na en sê dit dan hardop.



polisieman



bakker



slagter



bibliotekaresse

## Woordboks

laf

land

lê

## Ons praat

- Watter plekke sien jy in die prentjie?
- Watter soorte vervoermiddels sien jy in die prentjie?
- Watter winkels besoek jy op die dorp?
- Watter soorte vervoermiddels gebruik jy wanneer jy dorp toe gaan?
- Waar kan jy kos koop?
- Waarheen kan jy gaan wanneer jy siek is?


## Ons lees

Vandag is ons dorp toe.
Ons het met die bus gegaan.
Ons het baie motors en taxi's gesien.
Ek het 'n paar boeke by die biblioteek uitgeneem.
Ons het nogal laat by die huis gekom.



# 20 Plekke op die dorp

**Luister en herhaal** Plak die plakkers op die regte plekke. Trek die woord onder elke prentjie na en sê dit dan hardop.




**Ons skryf** Maak lysies van die plekke waarheen jy kan gaan.

| Waarheen ek kan gaan wanneer ek siek is | Waarheen ek kan gaan om kos te koop | Waarheen ek kan gaan wanneer ek vervoer nodig het |
| --- | --- | --- |
| | | |
| | | |




## Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke.

| | | | |
|---|---|---|---|
| wag | waar | wol | wie |
| weg | weer | wil | was |





## Vir die pret

Trek strepe om vir die kinders te wys waarheen hulle moet gaan.



Ek wil 'n worsbroodjie koop.





biblioteek





Ek wil 'n boek gaan uitneem.






kosstalletjie



Ek het wortels nodig.




kliniek





Ek het brood nodig.





groentewinkel



Ek voel siek.






stasie



Ek wil 'n treinkaartjie koop.



bakkery



# 21 Die dieretrein














## Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke.

| | | |
|---|---|---|
| trein  | kuiken  | kameelperd  |
| hasie  | olifant  | krokodil  |
| skilpad  | leeu  | sebra  |
| seekoei  | eend  | renoster  |




**Ons doen** Kleur die kryte in.




**Ons lees**

Al die diere is op die trein.
Hulle gaan in die park piekniek hou.
Die olifant moet alleen sit.
Nie eens 'n muis pas saam met hom in wa 4 in nie.

# Die dieretrein

## Ons praat

Hoeveel diere is daar op die trein?
Sê vir jou maat watter nommer op elke wa staan.
Sê vir jou maat watter kleur elke wa is.
Sê vir jou maat watter diere in elke wa is.
Sê vir jou maat van watter diere jy die meeste hou.

## Ons skryf

Wat is jou gunstelingkleur?

Wat is jou gunstelingdier?

## Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke.

| | | |
|---|---|---|
| is | gis | vis |
| igloe | sis | dis |

## Ons skryf

Skryf die nommer van die wa neer.

| | |
|---|---|
| Watter wa het die meeste diere? | |
| Watter wa het die minste diere? | |
| In watter wa is die olifant? | |
| In watter wa is die krokodil? | |
| In watter wa is die hasie? | |


| | |
|---|---|
| Watter dier is die grootste op die trein? | |
| Watter dier is die kleinste op die trein? | |





Ons doen

Plak die plakkers op die regte plekke. Trek elke woord na en trek dan 'n streep van die dier na waar hy woon.


| | | | |
|---|---|---|---|
|  | visbak | voël |  |
|  | hondehok | seekoei |  |
|  | rivier | vis |  |
|  | byekorf | eend |  |
|  | nes | kat |  |
|  | mandjie | by |  |
|  | dam | hond |  |

# 23 Wilde diere




**Ons praat** Kyk na die prentjie en gesels daaroor.




Ons doen

Plak die plakkers op die regte plekke. Trek die woord onder elke prentjie na en sê dit dan hardop.


olifant



sebra



luiperd


renoster


bok


leeu


seekoei


kameelperd




Ons praat

Watter diere sien jy in die prentjie?
Watter geluide maak die diere?
Watter diere is groot en watter is klein?
Vir watter diere is jy bang?
Waar is die apies?


skilpad

Ons lees


Ons sien baie diere.
Ek hou van die sebra en die kobra.
Die seekoei en die krokodil swem in die dam.
Die bok eet die groen gras.
Die leeu wil die bok gryp.
Hy is honger.

# 24 Ons leer van diere




Luister en herhaal



Die kameelperd  het 'n lang nek.

Die sebra  het strepe.


Die leeu  het groot tande.

Die seekoei  is vet.





Ons praat Kyk weer na die prentjie in die vorige werkkaart.
Waar is die apies?



Ons doen Teken hierdie prentjies.

'n Bruin krokodil


'n Groen boom



## Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke.

| | | |
|---|---|---|
| kom | kol | keer |
| kos | kul | keel |





## Ons skryf

Vul een van hierdie woorde in om te sê waar die apie is.

op | in | onder | voor | agter



Die apie is ______________ die boom.



Die apie is ___________ die motor.



Die apie is ___________ op die dak.



Die apie is ___________ die bos.



Die apie is ___________ die boomstam.

# 25 By die see






Ons praat

Kyk na die prentjie en gesels oor wat die kinders doen.



seester




skulp



## Ons doen


Plak die plakkers op die regte plekke. Trek die woord by elke prentjie na en sê dit dan hardop.

























## Vir die pret

Voltooi die sandkasteel en kleur dit in.




## Ons lees

Ons is op die strand.
Ons het pret in die son.
Ons swem graag in die see.
Dan grawe ons in die sand.
Ek kan ook met my hande grawe.
Ek sien 'n groot skip.
Ek wens ek kon visse en haaie sien.

# 26 Die dinge wat ons doen

Wanneer ons 'n **het** en 'n **ge**- voor doenwoorde gebruik, praat ons van dinge wat ons reeds in die verlede gedoen het. Kyk na hierdie sinne. Die sinne wat met "Vandag" begin, is in die teenwoordige tyd, en die sinne wat met "Gister" begin, is in die verlede tyd.



Luister en herhaal



Vandag borsel ek my tande.

Gister het ek my tande geborsel.



Vandag skop ek die bal.

Gister het ek die bal geskop.



Vandag gaan ek skool toe.

Gister het ek skool toe gegaan.



Vandag gesels ons met ons maats.


Gister het ons met ons maats gesels.



## Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke.

| | | |
|---|---|---|
| hak | haas | hik |
| hier | hok | hoor |




## Ons skryf


Vul die woorde in wat by die prentjies pas.



visse | skulpe | skoene | skip | haai

Ek tel  ______________ op die strand op.

Ek het  ______________ in die see gesien.

Die  ______________ het baie skerp tande.

Daar is 'n groot  ______________ op die water.

Ek trek my  ______________ uit om op die sand te loop.

# 27 Ons kuier vir ouma op die plaas



**Ons praat** Kyk na die prentjie en gesels oor wat die kinders doen.

bok






**Ons doen**


Plak die plakkers op die regte plekke. Trek die woord onder elke prentjie na en sê dit dan hardop.



boer
trekker


pot



sambreel


koei


eend


eiers


heuning


melk



**Ons praat**

Wys na die prentjie en vra jou maat:

Wie se huis is dit?
Wie se trekker is dit?
Wie se pet is dit?
Wie se sambreel is dit?
Watter dier in die prentjie is die grootste?
Watter dier in die prentjie is die kleinste?

**Ons lees**

Ons kuier by ons ouma.
Sy woon op 'n plaas.
Sy het baie diere.
Ons kry eiers van die henne.
Ons kry melk van die koeie.
Ons kry kos uit die tuin.
Daar is 'n groot trekker op die plaas.


# 28 Die plaaslewe

Ons doen Hoeveel plaaswoorde kan jy kry?


koei gans vark kalf donkie hen kat eend

haan hoender lam skaap bok perd

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| g | a | n | s | i | k | a | l | f | n |
| w | o | h | o | e | n | d | e | r | y |
| r | a | m | o | b | o | k | t | b | e |
| y | l | l | i | f | e | e | n | d | k |
| p | k | k | a | t | v | a | r | k | g |
| g | s | s | k | a | a | p | e | g | u |
| m | h | a | a | n | t | e | r | c | t |
| y | a | d | o | n | k | i | e | o | p |
| p | e | r | d | e | n | e | h | e | n |
| l | a | m | x | l | k | o | e | i | w |



Vir die pret Trek die sonneblomme na en kleur hulle in. Teken dan nog 'n paar.






**Ons doen**

Plak die plakkers op die regte plekke. Trek die woorde na en trek dan strepe van die diere na die regte produkte.








**Werk met woorde**

Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke. Gebruik dan 5 van die woorde om jou eie sinne in jou oefeningboek te skryf.

| | | | |
|---|---|---|---|
| bus | dun | vul | mus |
| kul | lus | gun | jul |



**Luister en herhaal**



Die koei maak moe, moe.



Die hen maak kloek, kloek.



Die skaap maak baa, baa.



Watter ander plaasdiere kan jy naboots?

# 29 Die dinge in my lewe





**Ons skryf** Teken 'n prentjie van jouself en vul jou besonderhede in.

My naam

My van

My ouderdom

Ek is in Graad

My skool

My maat is

Ek verjaar op



Ek hou van

Ek hou nie van



**Werk met woorde** Lees die woorde en luister na die klanke. Gebruik dan 5 van die woorde om jou eie sinne in jou oefeningboek te skryf.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| my | ys | kyk | vy | hy |
| wys | lyk | kry | kus | bul |




**Ons skryf**

Vul die letters, wat weggelaat is, in sodat die woorde by die prentjies pas.

a o i e u




| | | |
|---|---|---|
| pen |  | p__t |
| k__m | | s__n |
| v__s | | h__t |
| k__t | | m__t |
| h__n | | b__k |



**Ons skryf**

Verbind die kolletjies om die prentjie te voltooi. Kleur die prentjie dan in.




Dit is 'n ____________

# 30 Ons besige week







Ons praat Kyk na die prentjies en gesels oor wat die kinders doen.

## MY DAGBOEK

### Maandag



gaan skool toe

### Dinsdag



gaan biblioteek toe

### Woensdag



speel netbal

### Donderdag



gaan winkel toe

### Vrydag



speel sokker

### Saterdag



kyk TV

### Sondag



gaan kerk toe

Van watter dag hou jy die meeste? Waarom?



Ons doen


Plak die plakkers op die regte plekke. Trek die woord onder elke prentjie na en sê dit dan hardop.



Ons lees





Ons speel graag elke dag.
Ek hou daarvan om boeke by die biblioteek te gaan uitneem.
Ons hou almal daarvan om sokker en netbal te speel. Ek hou daarvan om met my hond te speel.
Ek hou daarvan om te sing, maar ek hou nie daarvan om te swem nie.
Ons hou almal daarvan om met ons speelgoed te speel.



Ons skryf

Skryf die regte dae van die week in die spasies.

| | |
|---|---|
| Op watter dag gaan die kinders kerk toe? | |
| Op watter dag kyk Jabu TV? | |
| Op watter dag speel hulle netbal? | |
| Op watter dag speel hulle sokker? | |




Ons praat

Vra 3 van jou maats waarvan hulle hou en waarvan hulle nie hou nie.

| | Ek hou van ________________ | Ek hou nie van ______________ nie. |
|---|---|---|
| 1 | | |
| 2 | | |
| 3 | | |

# 31 Dae van die week





Ons skryf


Party van die dae van die week het van hierdie kalender afgeval. Skryf hul name op die regte plekke in.

Vrydag Maandag Woensdag



| | | |
|---|---|---|
| | Dinsdag | |
| Donderdag | | Saterdag |
| Sondag | | |

Watter dag is dit vandag?



Luister en herhaal




- Sondag
- Maandag
- Dinsdag
- Woensdag
- Donderdag
- Vrydag
- Saterdag



Ons praat


Vertel vir jou maat van 5 dinge waarvan jy hou en 5 dinge waarvan jy nie hou nie.
Sê:

Ek hou van ________.

Ek hou nie van ______________________ nie.







## Ons doen

Teken wat jy op hierdie dae doen.

Maandag

Dinsdag

Woensdag

Donderdag

Vrydag

Saterdag

Sondag



## Loop en praat

Sê vir 3 maats wat jy elke dag doen.
Sê:



Maandae gaan ek skool toe.
Dinsdae __________.




## Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| vin | vyf | veg | vuur | vlug |
| vir | vas | vol | voor | vleg |

# Dag en nag



Ons lees

Soggens staan ek op.
Dan gaan ek skool toe.
Smiddae kom ek huis toe.
Dan speel ek met my maats.
Saans eet ek aandete.
Dan gaan ek slaap.

**Ons praat** Kyk na die prentjie en gesels oor wat die kinders doen.

**Ons doen** Plak die plakkers op die regte plekke. Trek die woord by elke prentjie na en sê dit dan hardop.



sterre



maan



uil






kyk TV

gaan slaap



eet aandete






slaap


**Ons praat** Vra 2 maats om vir jou te sê wat hulle soggens, smiddags en saans doen.

| | soggens | smiddags | saans |
|---|---|---|---|
| 1 | | | |
| 2 | | | |

# 33 Wat ons doen



**Ons skryf** Trek strepe van die prentjies na die tye wanneer ons hierdie dinge doen.





| | | |
|---|---|---|
| soggens | smiddags | saans |







**Werk met woorde** Lees die worde en luister na die klanke.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| bul | by | bal | bad | bly |
| bek | byl | bus | boor | blou |



Ons skryf





Wanneer gaan jy skool toe?

Ek gaan soggens skool toe.

Wanner word jy wakker?


Ek word ______ wakker.

Wanneer gaan jy slaap?

Ek gaan ______ slaap.





Wanneer speel jy met jou maats?

Ek speel ______ met my maats.



Ons skryf

Vul een van hierdie klanke in om die woorde te voltooi. sl gl sp

| | | |
|---|---|---|
|  __aap |  __eld |  __imlag |
|  __eel |  __y |  __ang |

# 34 Kalenders

| Januarie | Februarie | Maart |
|---|---|---|
| | | |

| Julie | Augustus | September |
|---|---|---|
| Alice | | Jim |

Ons lees

My suster Alice verjaar in Julie. Sy sal 6 wees.
Jim verjaar in September. Hy sal 8 wees.



**Luister en herhaal** Sê die name van die maande.

April


Mei

Junie

Oktober

November

Desember



**Ons skryf**

Wanneer verjaar jy?

| dag: | maand: | jaar: |
| --- | --- | --- |
| | | |

# 35 Wanneer verjaar jy?



Ons praat

Het jy baie tyd vir hierdie dinge nodig, of min tyd?
Wys na elke prentjie en vra jou maat: "Hoeveel tyd het jy nodig?"
Kleur die regte woord in.




om 'n kastrol te was

Ek het | baie | min | tyd nodig.



om skool toe te gaan

Ek het | baie | min | tyd nodig.



om te slaap


Ek het | baie | min | tyd nodig.



om my tande te borsel

Ek het | baie | min | tyd nodig.





om 'n toebroodjie te eet

Ek het | baie | min | tyd nodig.



**Werk met woorde** Lees die woorde en luister na die klanke.

| | | | |
|---|---|---|---|
| elf | ek | ses | stem |
| en | les | pret | ent |



**Ons skryf** Vul die letters, wat weggelaat is, in sodat die woorde by die prentjies pas.

a o i e u

| | |
|---|---|
| sl_a_ng | h__k |
| p__t | b__s |
| bl__m | s__n |
| _mpala | _nsek |
| fl__it | h__rk |





**Loop en praat** Vra 10 maats wanneer hulle verjaar.
Vul hul name by die regte maand op die kalender op die vorige bladsy in.
Sê:



Wanneer verjaar jy?

Ek verjaar in Junie.




Ek verjaar in

______________________________

# 36 Herfs en lente

Ons praat

Wat sien jy in hierdie twee prentjies?
Hoe verskil die twee prentjies van mekaar?
Watter seisoen is die warmste?




Watter seisoen is dit?

Ons skryf Tel en gee die antwoord.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Hoeveel eende is daar? | | Hoeveel kinders is daar in elke prentjie? | |
| Hoeveel kuikens is daar? | | Hoeveel kinders het groen baadjies aan? | |
| Hoeveel paddas is daar? | | Hoeveel pienk blomme is daar? | |

Ons doen Kleur die kuikens geel in en die paddas groen.

Watter seisoen is dit?



Ons lees

In die lente sien ons oulike babadiere.
Daar is mooi blomme in die tuin.
Daar is 'n sagte hasie.
In die somer skyn die son warm.
Ons gesin hou daarvan om te gaan swem.

# 37 Somer en winter



Luister en herhaal

Dit is koud.
Kan ek 'n trui kry?

Dit is koud.
Kan ek 'n wolmus kry?

Dit is koud
Kan ek 'n bietjie tee kry?

Watter seisoen is dit?

Ons skryf

Skryf hierdie sinne met die regte leestekens oor.

? ! . ,


| mag ek gaan swem |
| --- |
| |
| kan ek 'n wolmus kry |
| |
| kan ek 'n roomys kry |
| |



Ons doen Kleur die son en die bye geel in.






Watter seisoen is dit?



Ons skryf Vul die enkelvoud (een) of die meervoud (meer as een) in.

| | |
|---|---|
| Dit is 'n |  |
| Dit is |  |
| Dit is 'n |  |

| | |
|---|---|
| Dit is |  |
| Dit is |  |
| Dit is 'n |  |

# 38 Die weer






Luister en herhaal

Van watter weer hou jy?


Van watter weer hou jy nie?

Wat trek jy aan wanneer dit koud is?

Wat trek jy aan wanneer dit warm is?



sneeu



**Ons doen**

Teken 'n prentjie van 'n bewolkte dag en nog 'n prentjie van hael.

bewolk

hael



wind

**Ons lees**

Ek hou nie daarvan wanneer dit reën nie.
Ek hou nie daarvan wanneer dit hael nie.
Ek hou nie daarvan wanneer dit bewolk is nie.
Ek hou nie daarvan wanneer dit winderig is nie.
Ek hou nie daarvan wanneer dit koud is nie.
Maar ek hou daarvan wanneer dit sonnig is.




hael

# 39 Die klere wat ons aantrek




**Ons praat** Kyk na die prentjie en gesels oor wat die kinders doen.

| lente | somer | herfs | winter |
|---|---|---|---|
| | | | |




**Ons doen** Wat trek jy op 'n warm dag aan?
Plak hierdie klere in die regte raampies in.
Skryf dan die name van die klere langsaan neer.

| warm dag | |
|---|---|
|  | sandale |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |



**Werk met woorde** Lees die woorde en luister na die klanke.





| | | | |
|---|---|---|---|
| tor | tyd | toor | trui |
| tol | tel | tas | toon |



**Ons skryf** Gebruik hierdie woorde om die sinne te voltooi.
Jy mag party woorde meer as een keer gebruik.

| | |
|---|---|
| my | ons |

| | |
|---|---|
| Dit is  trui. |  ______ is gelukkig. |
| Dit is  skoene. | Dit is  hoede. |
| Dit is  jas. |  eet ______ mielies. |



**Ons doen** Wat trek jy op 'n koue dag aan?
Plak hierdie klere in die regte raampies in.
Skryf dan die name van die klere langsaan neer.

| koue dag | |
|---|---|
|  | serp |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |

Werkkaart 1 | Werkkaart 2 | Werkkaart 3 | Werkkaart 4 | Werkkaart 5 | Werkkaart 6

Werkkaart 7 | Werkkaart 8 | Werkkaart 9 | Werkkaart 10 | Werkkaart 11 | Werkkaart 12

Werkkaart 13 | Werkkaart 14 | Werkkaart 15 | Werkkaart 16 | Werkkaart 17 | Werkkaart 18

Werkkaart 19 | Werkkaart 20 | Werkkaart 21 | Werkkaart 22 | Werkkaart 23 | Werkkaart 24

Werkkaart 25 | Werkkaart 26 | Werkkaart 27 | Werkkaart 28 | Werkkaart 29 | Werkkaart 30

Werkkaart 31 | Werkkaart 32 | Werkkaart 33 | Werkkaart 34 | Werkkaart 35 | Werkkaart 36

Werkkaart 37

Werkkaart 38

Werkkaart 39

# Wel gedaan!

## Jy kan nou baie dinge doen ...

Naam ____________________

Datum: ____________________

# STICKERS






3



6






7




5







11






14



15





20





21






25






26




22



24






29



31



30



40



27




39



45




46



38




47






50
51
55
57
54
60
64
65
78
79
MILK






1 2 3 4 5 6 7 8
9 10 11 12 13 14 15 16
17 18 19 20 21 22 23 24
25 26 27 28 29 30 31 32
33 34 35 36 37 38 39 40

65



64







